Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-09-21

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 16/2023

Buitemuurse aktiwiteite: Die laaste aktiwiteite vir hierdie kwartaal vind op Vrydag 22 September plaas. Aktiwiteite hervat weer op Maandag 16 Oktober.

Jeug Fiksheid en Prestasiesentrum / Rugby Wêreldbeker: U word weer uitgenooi om Saterdag 23 September die wêreldbeker rugbywedstryd tussen die Springbokke en Ierland in die klubhuis te kom kyk. Koste is R 150 per volwassene en sluit ook ‘n ete vir een kind in. Ete-kaartjies kos R 30 vir addisionele kinders wat saam met hul ouers bywoon. Kaartjies kan by die skoolkantoor gekoop word.

Dit dien as ‘n fondsinsameling vir die beplande prestasiesentrum wat ons vir ons kinders by die skool wil vestig. Hierdie sentrum sal bydra om die algehele fiksheid en kondisionering en gevolglike prestasie van ons spelers in verskeie sportkodes te verbeter. Apparaat wat gebruik word sal fokus op liggaamsweerstandsoefeninge vir laerskool leerders.

Leerdersokkie (Gr. 4-7): ‘n Leerdersokkie word Vrydagaand 22 September van 18:00 – 21:00 by die skool gehou. Koste is R 20 en daar is ook ‘n snoepie. Ondersteun asb.

Veldskool 2024 – Gr. 6-leerders (16-18 Oktober): Weens die swaar en aanhoudende reën wat vir volgende week voorspel word, en die tekort aan beskutting vir groot groepe kinders by die terrein wat hiervoor gebruik word, het ons die veldskooldatum verskuif na volgende kwartaal. Die veldskool sal nou vanaf Maandag tot Woensdag (16-18 Oktopber) plaasvind.

Maandag 25 September: Publieke Vakansiedag (Erfenisdag)

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Skole sluit (Vrydag 29 September): Alle leerders verdaag om 09:30. Skole heropen weer op Dinsdag 10 Oktober.

Ouer-onderwyser vergaderings (12 Oktober): Daar sal ‘n geleentheid wees om u kind se akademiese vordering op Donderdagaand tussen 17:30-19:00 in die skoolsaal te bespreek. Briewe in die verband word saam met die akademiese rapporte uitgegee.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF